VRAE VIR GROEPLEDE (Week van So 1, 8, 15 en 22 Febr 2009)

Lees Matt 28:16-20: God roep ons na 'n wêreld in nood (So 1 Febr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte/s

- Ander skrifgedeeltes wat by die tema aansluit: Jona 4:10-11; Joh 3:16; Joh 17:18; Hand 1:8; Hand 10:1-33.
- In die jaar 2000 was daar ongeveer 6 065 miljoen mense in die wêreld waarvan 32% Christene was (+- 1973 miljoen). Die verspreiding van godsdienste oor die wêreld is soos volg: Christene (32,5%); Islam (21,1%); Geen godsdiens (15,5%); Hindoe (13,5%); Boeddhisme (12,9%); Tradisionele godsdienste (2,9%); Ander (1,6%). Bogenoemde statistiek getuig dat ons getuienistaak op aarde nog lank nie verby is nie.
- Matt 28:17: Hierdie vers verklaar dat die dissipels dadelik vir Jesus aanbid het nadat hulle hom gesien het. Dit is interessant dat die vers se tweede gedeelte praat van party wat nog getwyfel het. 'n Mens het die indruk gekry dat Tomas en die ander dissipels "rustig" was na Jesus se opstanding en sy verskyning aan hulle (vgl Joh 20:24-29). Wat die twyfel was, weet ons nie, maar hulle het selfs met twyfel in hulle harte vir Jesus aanbid.
- Matt 28:19a: 'n Dissipel is 'n volgeling van Jesus wat bereid is om 'n verbintenis aan Jesus te maak. Matt 28 sê ook vir ons dat alles nie ophou as jy vir iemand anders 'n dissipel gemaak het nie – daar is nog 'n lang pad van leer en groei. Jesus het ook vir ons die voorbeeld gestel. Hy het sy dissipels geroep, hulle het Hom gevolg en Hy het drie jaar elke dag met hulle saamgeleef en hulle geleer.
- Matt 28:19-20 (as geheel): Ons word opgeroep om te gaan na mense wat nog nie die blye boodskap ken nie. En as ons gaan moet ons van hulle dissipels van Jesus maak. Ons kan nie net gaan en stilbly nie. En as mense bereid is om in die geloof hulle aan Jesus te verbind, dan is die doop 'n teken om dit te bevestig (onthou dit gaan hier om persone wat nog nooit die evangelie gehoor het nie en as volwassenes gedoop is). Maar alles hou ook nie op by die doop nie. Om 'n dissipel van Jesus te wees, beteken dat ons voortdurend sal leer en dat ons sal groei op die pad saam met Jesus. Dit kan ook gebeur dat dinge langer vat voordat hy/sy 'n verbintenis maak – dws daar kan 'n pad van lering voor die doop wees. 'n Mens sou ook "bekering" voor die doop kon invoeg (vgl Hand 2:38). In Handelinge is daar talle voorbeelde waar hierdie opdrag wel uitgevoer is (vgl Hand 9:18-19; 16:14-15, 31-33).

Moontlike vrae

- Wat beleef jy as jy hoor van miljoene mense wat nog nie die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie?
- Joh 3:16 sê dat God die *wêreld* liefgehad het. Kan 'n mens uitreik as jy nie vir God én die wêreld liefhet nie?
- Bespreek die volgende stelling: "Ek deel die evangelie omdat Christus my lewe verander het en ek nie anders kan nie."
- Wat sal jy iemand antwoord wat sê: "Ons moet eers naby uitreik voordat ons kan ver uitreik."
- Die teks van Matt 28:19-20 gebruik die volgorde werkwoorde: gaan, maak dissipels, doop, en leer. Hoe verstaan jy elkeen van hierdie werkwoorde?
- Gee die woorde van vers 20b vir jou troos?
- Uitreik na die wêreld is nie net die werk van 'n paar sendelinge nie. Hoe kan ons as groeplede mekaar help om hierdie Bybelse opdrag uit te voer?

Lees Rom 10:5-21: God roep ons om Sy Woord uit te dra met ons lewens (So 8 Febr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte/s

- Ander Skrifgedeeltes wat by die tema aansluit: Sag 8:20-23; Matt 4:12-25; 2 Kor 2:12-17; Kol 4:2-6; 2 Tim 1:8.
- Ons dink ook aan projekte wat help met die verspreiding van God se Woord reg oor die wêreld. In 2004 was die Bybel of dele daarvan reeds in 2377 tale vertaal. Die volledige Bybel is in 422 tale beskikbaar. Sedert die Bybelgenootskap van SA in 1965 'n onafhanklike organisasie geword het, is reeds meer as 26 miljoen Bybels in die land versprei. Gedurende 2008 is 1 009 806 volledige Bybels deur die SA Bybelgenootskap geproduseer.
- Die brief aan die Romeine word in die winter van 55-56 nC deur Paulus geskryf aan die Christene in Rome wat in verskillende huisgemeentes gegroepeer was. Die brief in kan 2 hoofdele verdeel word: Rom 1-11 en 12-15. Hoofstuk 9-11 beklemtoon dat daar vir die Joodse volk hoop is, maar slegs deur die evangelie van Jesus Christus.
- Rom 10:9: Die volk Israel het gedink dat hulle op hulle eie manier hulleself kon red (vgl 9:30-10:4). Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie (10:3). Rom 10 getuig dat daar net een manier is waarop God mense vrygespreek, deur geloof in Jesus Christus (10:5-13). As ons dit nie werklik glo nie, sal ons nie 'n passie hê vir die verkondiging van hierdie blye boodskap nie. Vers 10 getuig dat 'n mens nie God se vryspraak ver in die hemel hoef te soek nie. Dit is so naby soos jou mond en jou hart.
- Rom 10:14-15: In die 1983 Afr vertaling word die woord "preek" gebruik. Ons moet versigtig wees om hier slegs te dink aan predikante wat preek. Die teks roep elke gelowige op om die boodskap van Jesus Christus uit te dra. Die Griekse woord wat hier met "preek" vertaal word, kan ook beteken "proclaim, make known" (vgl NLV). Vers 15 gebruik ook die woord "stuur". Ons glo juis dat die Here ons stuur na plekke en mense om daar 'n verskil te maak. Niks gebeur toevallig in 'n Christen se lewe nie.

Moontlike vrae

- Wat is die kern van die evangelie (goeie nuus) volgens vers 9?

- Watter gedagtes kom by jou op as jy die woorde van 11 hoor?
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 14? Beteken dit dat net predikante kan getuig?
- Bespreek die volgende stelling: "Ons as Christene glo dat die Here ons na mense stuur wie ons pad kruis".
- Wat antwoord ons vir iemand wat sê: "Ek is nie die soort mens wat praat oor die evangelie nie. Ek sal met my dade getuig."
- As ons by ons woon- en werkplek getuig, moet ons iets hê om oor te getuig. Wat sal jy graag vandag met iemand oor God wou deel?
- In Kol 4:5 word ons opgeroep om met wysheid op te tree teenoor mense wat buite die gemeente/kerk is? Wat dink jy is 'n wyse manier om na mense buite die kerk uit te reik?
- Is daar 'n verskil tussen uitreik as 7-dag Christen en betrokkenheid by 'n uitreikprojek?
- Dink aan twee persone wat nié die Here ken nie. Op watter manier dink jy kan jy die evangelie van Christus met hulle deel?
- In Sag 8:20-23 lees ons dat ander volke na Jerusalem gekom het, omdat hulle gehoor het dat God by hulle is. Kan dieselfde van jou, jou groep en ons gemeente gesê word?

<u>Lees Matt 9:35-38: God roep ons om Sy wêreld en Sy mense te versorg en te ontwikkel (So 15 Febr)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Ander teksgedeeltes wat by die tema aansluit: Sag 7:9-10; Matt 5:3; Luk 6:36; Jak 2:14-17.
- Een van ons projekte fokus op HIV/VIGS. Hoekom het ons kerk so lank gevat om by hierdie projek betrokke te raak? Daar is moontlik verskillende redes: die stigma aan die siekte; die oordrag van die siekte dmv seksuele kontak; die feit dat blanke middelklas persone minder deur VIGS geraak is. Ons moet egter weet dat ons nie meer langer hierdie siekte kan ignoreer nie. Mense doen die siekte ook op ander maniere op (nie net deur 'n perverse seksuele lewenstyl nie). Ook binne huwelikke, verkragtings, bloedoortappings, mediese personeel, ens. Ons het al hoe meer kontak met HIV positiewe mense – vriende, familie, werknemers (in ons huise en by ons werkplekke). Christene was ook nie in die begin bereid om met VIGS voorligting te help nie. Dit is een van die redes hoekom die voorligting meestal gefokus het op die gebruik van kondome.
- Matt 9:35: Baie dikwels fokus ons as Christene net op die "Woord" of evangelie wat ons verkondig. In hierdie vers word van woord en brood gepraat, dws Jesus het die evangelie (goeie nuus) verkondig maar ook siekes gesond gemaak. Die een kan nie sonder die ander nie. Om hierdie rede vind ons by die meeste sendingstasies 'n kerk, maar ook 'n hospitaal/kliniek, skool en boerdery.
- Matt 9:36a: Die Griekse woord wat vertaal word met "innig jammer kry" kom slegs in die meervoud voor en het 'n baie sterk betekenis. Dit kan verstaan word as "to be moved in the inward parts" óf "to have great affection for" óf "to feel compassion". Hierdie vers vertel ons iets van Jesus se hart wat in beroering gegaan het. Dit was nie maar net 'n blote oppervlakkige gevoel van liefde nie. Omgee begin in mense se oë en harte, nie eerstens in hulle beursies of in hulle hande nie.
- Matt 9:37: Hier word van 'n groot oes en min arbeiders gepraat. 'n Mens kan moedeloos raak as jy al die nood rondom jou raaksien, en jy weet daar is nie genoeg hande om te help nie. Jesus se grootste "ontwikkelingsprojek" was waarskynlik dat hy twaalf dissipels uit Israel as arbeiders gewerf, toegerus, ontwikkel en bemagtig het om sy totale werk op aarde oor te neem. Hy het nie moedeloos hieroor geraak nie. Hy het 'n baie eenvoudige plan gemaak. Ons kan baie by Jesus leer. Matt 10:1-15 vertel ook hoe Hy vir hulle "in diensopleiding" gegee het, voordat Hy teruggekeer het na die hemel.

Moontlike vrae

- Ons leef in 'n baie harde wêreld waar daar min plek vir omgee/deernis is. Wat maak mense so hard?
- Jesus Christus is ons volmaakte voorbeeld van iemand wat bereid was om ander te versorg en te ontwikkel. Wat leer ons uit sy lewe?
- Waar begin omgee en versorging? (vgl Luk 6:36).
- Dink na oor die volgende stelling: "'n Mens kan nie na iemand anders in nood uitreik as jy nie werklik vir daardie persoon lief is nie."
- In Matt 9 word gepraat van die min arbeiders. Wie is veronderstel om hierdie arbeiders te wees?
- Ons ken die Chinese spreekwoord "Leer iemand om vis te vang eerder as om vir hom/haar 'n vis te gee". Waar het jy die afgelope jaar beleef dat mense gehelp is om "vis te vang"?
- Die nood van mense in ons eie land kan soms oorweldigend wees. Waar dink jy kan jy 'n bydrae maak?

Addisionele vrae

- In Spr 13:4 staan dat hardwerkende mense meer as genoeg het om te eet. Wat doen ons as Christene met mense wat wil werk, maar nie werk kry nie?
- Is dit die kerk se rol om met werkskepping te help? Wat dink jy kan Christene in ons land doen om die werkloosheidsyfer af te bring?

- Een van die projekte waaraan ons vandag dink is MIV/VIGS. Hoekom dink julle het die kerk (veral NG Kerk) vir so lank afsydig gestaan teenoor die hele VIGS probleem in ons land?
- Een van die grootste ontwikkelingsprojekte van alle tye was Jesus se ontwikkeling van die 12 dissipels. Wat kan ons hieruit leer?

<u>Lees Luk 10:25-37 en Spr 3:27: God roep ons om die nood in ons omgewing te help verlig (So 22 Febr)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeeltes

- Ander moontlike teksgedeeltes: Matt 25:31-46; Luk 4:18-19; Ef 4:28; 2 Kor 8-9.
- Baie van die projekte fokus op die verligting van armoede. Armoede is eintlike ‘n totale lewenswyse. As ‘n mens sukkel om te oorleef ontstaan ‘n spesifieke lewenshouding wat bevoorregte mense nie verstaan nie. Mense met ‘n gebrek aan lewensmiddele word baie dikwels onmenswaardig behandel. Hulle het nie die finansiële middele, kennis, vaardighede, ondersteuning, selfvertroue of geleenthede om uit die armoede siklus te kom nie. Soms is hulle die gevolg van ‘n stelstel wat hulle en hulle voorouers uitgebuit het (Jak 2:6) of afhanklik gemaak het van “handouts”. Hulle leer op ‘n spesifieke manier oorleef, omdat hulle nie ‘n ander manier ken nie. Ons as bevoorregte mense sal sensitief hiervoor moet wees.
- 22 Febr is ook geloofoffersondag: 2 Kor 8 en 9 gee vir ons die volgende riglyne oor die gee van gawes: Gee eers jouself (2 Kor 8:5); Gee met blymoedigheid en dankbaarheid – nie uit dwang nie (2 Kor 9:5, 7); Dra by volgens jou vermoë – dit wat jy het (2 Kor 8:12); God verwag van almal (arm en ryk) om te gee (2 Kor 8:2); God gee vir ons sodat ons kan gee (2 Kor 9:11); Vrygewigheid lei tot dankbaarheid en eer aan God (2 Kor 9:12-13); ensovoorts.
- Luk 10:25-32: Ons lees van twee godsdienstige mense (kerkmense) wat verby die man in nood gestap het. Die priester en Leviet was so gebind deur allerhande godsdienstige wette dat hulle nie wou help nie. Bv hulle was bang om aan ‘n dooie onrein persoon te raak. Hulle het ook so in hulle eie kokon rondom die tempel geleef dat hulle nie geweet het hoe om op te tree teenoor mense in nood nie. Die Samaritaan was gewoond aan nood rondom hom. Hy het spontaan gehelp. Dit kan vandag ook met ons as kerkmense gebeur.
- Luk 10:33-37: Wat leer ons van die Samaritaan? Die Barmhartige Samaritaan het hom gesien; hom innig jammer gekry en gaan stil staan; hom prakties gehelp (wonde verbind en hom op rydier gehelp); hy het toegesien dat hy ook vir die toekoms versorg is – nie net vinnig gehelp en nie laat staan nie. Hy het gesorg dat die man in nood weer op die been kon kom. Die Barmhartige Samaritaan het sy hart, sy tyd, sy middele en sy geld vir iemand in nood gegee.
- Spr 3:27: Die woorde “van iemand aan wie dit toekom” is moeilik om vanuit die Hebreeuse teks te verstaan. Sommige reken dat die Hebreeuse woord met “owners” vertaal kan word. Die meeste moderne vertalings sluit aan by die ou Griekse vertaling se voorstel “someone in need, in want”. Die mees resente Afrikaanse vertalings vertaal dit soos volg: “Moenie wag om goed te doen vir iemand wat dit nodig het nie, veral as dit vir jou moontlik is om te doen” (NLV); “Wanneer jy iemand moet help en jy kan dit doen, dan moet jy nie wag nie” (Die Bybel vir Dowes).

Moontlike vrae

- In hierdie gelykenis (Luk 10) word daar verwys na twee “kerkmense” wat verby die man in nood gestap het? Gebeur dit vandag nog?
- Wat kan ons leer uit dit wat die Barmhartige Samaritaan gedoen het?
- Hoekom dink julle het Jesus na die melaatses, tollenaars en straatvroue uitgereik? Na watter groepe mense sou Jesus uitgereik het as Hy vandag op aarde geleef het?
- ’n Hele paar van ons projekte in die omgewing fokus op armoede verligting. Bespreek die volgende stelling: “Armoede is meer as net ‘n gebrek aan lewensmiddele”
- In die Ou Testament word die Israeliete telkens opgeroep om die weeskinders en die weduwees te versorg (Eks 22:22; Deut 10:18; Sag 7:10; ens). Hoekom word hierdie groepe mense so sterk beklemtoon?
- Waartoe roep die woorde van Spr 3:27 ons op?
- Verlede jaar het jy in die geloof ’n offer vir die Here beloof. Kan jy getuig dat die Here voorsien het vir hierdie geloofoffer? Deel dit met die groep.
- Bespreek krities die volgende stelling: “Ons gemeente het ‘n hele aantal projekte waarby ons betrokke is, maar ons het nog nie ‘n uitreik kultuur in die gemeente nie”

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 1 Febr 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Deel 'n storie van hoop wat jy die afgelope vakansie beleef het of van gehoor het.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Light of the world (CD no 3); Mag alle volke U loof (CD no 13); Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Helder skyn U lig vir die nasies (Lied 488).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 111. Die kleingroep kan vers 1 hardop saam bid aan die begin van die groepbyeenkoms.
- Bid spesifiek vir ons buitelandse uitreikprojekte en sendelinge: Bulgarye (Jack en Elsabe Louw); MENA - Midde-Ooste (Chrisma Botha); Mosambiek Evangelisasie (Kobus en Nana Eksteen); Mosambiek Medies (drs Roberto en Laura Gomez), Mosambiek Geletterdheid (John Roux); Mosambiek Rentmeesterskap (Christo Albertyn); Sri Lanka.
- Sommige van die sendelinge is tans in SA. Hou die aankondigings dop en nooi hulle na julle groep.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 1 Febr se eredienste.

Lees Matt 28:16-20: God roep ons na 'n wêreld in nood

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte/s

- Ander skrifgedeeltes wat by die tema aansluit: Jona 4:10-11; Joh 3:16; Joh 17:18; Hand 1:8; Hand 10:1-33.
- In die jaar 2000 was daar ongeveer 6 065 miljoen mense in die wêreld waarvan 32% Christene was (+- 1973 miljoen). Die verspreiding van godsdienste oor die wêreld is soos volg: Christene (32,5%); Islam (21,1%); Geen godsdiens (15,5%); Hindoe (13,5%); Boeddhisme (12,9%); Tradisionele godsdienste (2,9%); Ander (1,6%). Bogenoemde statistiek getuig dat ons getuienistaak op aarde nog lank nie verby is nie.
- Matt 28:17: Hierdie vers verklaar dat die dissipels dadelik vir Jesus aanbid het nadat hulle hom gesien het. Dit is interessant dat die vers se tweede gedeelte praat van party wat nog getwyfel het. 'n Mens het die indruk gekry dat Tomas en die ander dissipels "rustig" was na Jesus se opstanding en sy verskyning aan hulle (vgl Joh 20:24-29). Wat die twyfel was, weet ons nie, maar hulle het selfs met twyfel in hulle harte vir Jesus aanbid.
- Matt 28:19a: 'n Dissipel is 'n volgeling van Jesus wat bereid is om 'n verbintenis aan Jesus te maak. Matt 28 sê ook vir ons dat alles nie ophou as jy vir iemand anders 'n dissipel gemaak het nie – daar is nog 'n lang pad van leer en groei. Jesus het ook vir ons die voorbeeld gestel. Hy het

sy dissipels geroep, hulle het Hom gevolg en Hy het drie jaar elke dag met hulle saamgeleef en hulle geleer.

- Matt 28:19-20 (as geheel): Ons word opgeroep om te gaan na mense wat nog nie die blye boodskap ken nie. En as ons gaan moet ons van hulle dissipels van Jesus maak. Ons kan nie net gaan en stilbly nie. En as mense bereid is om in die geloof hulle aan Jesus te verbind, dan is die doop 'n teken om dit te bevestig (onthou dit gaan hier om persone wat nog nooit die evangelie gehoor het nie en as volwassenes gedoop is). Maar alles hou ook nie op by die doop nie. Om 'n dissipel van Jesus te wees, beteken dat ons voortdurend sal leer en dat ons sal groei op die pad saam met Jesus. Dit kan ook gebeur dat dinge langer vat voordat hy/sy 'n verbintenis maak – dws daar kan 'n pad van lering voor die doop wees. 'n Mens sou ook "bekering" voor die doop kon invoeg (vgl Hand 2:38). In Handelinge is daar talle voorbeelde waar hierdie opdrag wel uitgevoer is (vgl Hand 9:18-19; 16:14-15, 31-33).

Moontlike vrae

- Wat beleef jy as jy hoor van miljoene mense wat nog nie die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie?
- Joh 3:16 sê dat God die *wêreld* liefgehad het. Kan 'n mens uitreik as jy nie vir God én die wêreld liefhet nie?
- Bespreek die volgende stelling: "Ek deel die evangelie omdat Christus my lewe verander het en ek nie anders kan nie."
- Wat sal jy iemand antwoord wat sê: "Ons moet eers naby uitreik voordat ons kan ver uitreik."
- Die teks van Matt 28:19-20 gebruik die volgorde werkwoorde: gaan, maak dissipels, doop, en leer. Hoe verstaan jy elkeen van hierdie werkwoorde?
- Gee die woorde van vers 20b vir jou troos?
- Uitreik na die wêreld is nie net die werk van 'n paar sendelinge nie. Hoe kan ons as groeplede mekaar help om hierdie Bybelse opdrag uit te voer?

Bybelstudiemetodes

Drie-vraag metode

- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)

- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord 'n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Sien B en C.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Matt 28:19-20.

- Moontlike vrae wat gevra kan word: (a) Sou dit vir jou lekker gewees as almal in die wêreld vir Jesus lief was? (b) Hoekom wil ons die boodskap van Jesus aan so veel as moontlik mense in die wêreld uitdra? (c) Wat is 'n dissipelmaker? (d) Hoe kan jy as kind 'n dissipelmaker wees?
- Dit sal goed wees as die kinders op die een of ander manier by 'n sendeling betrokke kan raak. Vra hulle hoe kinders op 'n praktiese manier kan help (bv foto van sendeling in Bybel en gereelde gebed).

ADMINISTRASIE
- Volgende byeenkoms is Di aand 24 Febr om 19:00-20:30 (saam met wyksleiers).
- Onthou van die Kermis op Saterdag 14 Maart (sien ekstra inligtingstuk).
- Die Helderstem verskyn weer Sondag.
- Ons Kleingroepleierskursus begin op Ma 9 Mrt. Dink aan mense in jou groep wat jou soontoe wil stuur.

VERDERE TOERUSTING
- Watter drome het jy vir jou groep hierdie jaar?
- Is daar van julle wat 'n nuwe groep wil vorm?
- Ons het Sondag ons Verbintenissondag gehad. Waartoe moet ons ons as groepleiers vir die jaar verbind?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 8 Febr 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)
- Hoe beleef jy dit om saam met nie-Christene te werk of te woon?

(B) AANBIDDING
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Liedere wat by die tema aansluit: Light of the world (CD no 3); Mag alle volke U loof (CD no 13); Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Helder skyn U lig vir die nasies (Lied 488); Woord van God, Woord van die lewe (Lied 255).
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 147:1-11. Bid hierdie woorde as 'n lofgebed.
- Bid spesifiek vir die volgende uitreikprojekte: Annalise Wiid; Bybelverspreiding; Gespreksgroep; Internasionale studente; KidsXpress; Kom Saam; Kinderevangelisasie; Projek Goeie Hoop.

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD
Die tema sluit aan by Sondag 8 Febr se eredienste.

Lees Rom 10:5-21: God roep ons om Sy Woord uit te dra met ons lewens

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte/s

- Ander Skrifgedeeltes wat by die tema aansluit: Sag 8:20-23; Matt 4:12-25; 2 Kor 2:12-17; Kol 4:2-6; 2 Tim 1:8.
- Ons dink ook aan projekte wat help met die verspreiding van God se Woord reg oor die wêreld. In 2004 was die Bybel of dele daarvan reeds in 2377 tale vertaal. Die volledige Bybel is in 422 tale beskikbaar. Sedert die Bybelgenootskap van SA in 1965 ’n onafhanklike organisasie geword het, is reeds meer as 26 miljoen Bybels in die land versprei. Gedurende 2008 is 1 009 806 volledige Bybels deur die SA Bybelgenootskap geproduseer.
- Die brief aan die Romeine word in die winter van 55-56 nC deur Paulus geskryf aan die Christene in Rome wat in verskillende huisgemeentes gegroepeer was. Die brief in kan 2 hoofdele verdeel word: Rom 1-11 en 12-15. Hoofstuk 9-11 beklemtoon dat daar vir die Joodse volk hoop is, maar slegs deur die evangelie van Jesus Christus.
- Rom 10:9: Die volk Israel het gedink dat hulle op hulle eie manier hulleself kon red (vgl 9:30-10:4). Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie (10:3). Rom 10 getuig dat daar net een manier is waarop God mense vrygespreek, deur geloof in Jesus Christus (10:5-13). As ons dit nie werklik glo nie, sal ons nie ’n passie hê vir die verkondiging van hierdie blye boodskap nie. Vers 10 getuig dat ’n mens nie God se vryspraak ver in die hemel hoef te soek nie. Dit is so naby soos jou mond en jou hart.
- Rom 10:14-15: In die 1983 Afr vertaling word die woord “preek” gebruik. Ons moet versigtig wees om hier slegs te dink aan predikante wat preek. Die teks roep elke gelowige op om die boodskap van Jesus Christus uit te dra. Die Griekse woord wat hier met “preek” vertaal word, kan ook beteken “proclaim, make known” (vgl NLV). Vers 15 gebruik ook die woord “stuur”. Ons glo juis dat die Here ons stuur na plekke en mense om daar ’n verskil te maak. Niks gebeur toevallig in ’n Christen se lewe nie.

Moontlike vrae

- Wat is die kern van die evangelie (goeie nuus) volgens vers 9?
- Watter gedagtes kom by jou op as jy die woorde van 11 hoor?
- Hoe verstaan jy die woorde van vers 14? Beteken dit dat net predikante kan getuig?
- Bespreek die volgende stelling: “Ons as Christene glo dat die Here ons na mense stuur wie ons pad kruis”.
- Wat antwoord ons vir iemand wat sê: “Ek is nie die soort mens wat praat oor die evangelie nie. Ek sal met my dade getuig.”
- As ons by ons woon- en werkplek getuig, moet ons iets hê om oor te getuig. Wat sal jy graag vandag met iemand oor God wou deel?
- In Kol 4:5 word ons opgeroep om met wysheid op te tree teenoor mense wat buite die gemeente/kerk is? Wat dink jy is ’n wyse manier om na mense buite die kerk uit te reik?
- Is daar ’n verskil tussen uitreik as 7-dag Christen en betrokkenheid by ’n uitreikprojek?
- Dink aan twee persone wat nié die Here ken nie. Op watter manier dink jy kan jy die evangelie van Christus met hulle deel?
- In Sag 8:20-23 lees ons dat ander volke na Jerusalem gekom het, omdat hulle gehoor het dat God by hulle is. Kan dieselfde van jou, jou groep en ons gemeente gesê word?

Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Febr)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Sien C.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Rom 10:14: In die Bybel vir ons almal word die vers soos volg vertaal: "Maar mense kan net vir die Here vra dat Hy hulle moet red as hulle in Hom glo. En hulle kan net in die Here glo as hulle van Hom gehoor het. En hulle kan net van die Here hoor as iemand vir hulle preek."
- Moontlike vrae: (a) Hoe verstaan jy die kernvers wat ons geleer het? (b) Dink aan een persoon wat nie die Here ken nie. Wat kan jy doen sodat hierdie persoon meer van die Here leer? (c) Vertel vir die ander iets van jou skool. Dink jy dat die Here jou spesiaal na jou skool gestuur het?
- Help die kinders om te besef dat hulle ook gestuurdes kan wees. Gebruik bv praktiese voorbeelde soos 'n kind wat 'n nie-Christen maatjie by hom laat kom slaap. Julle as familie doen saam huisgodsdiens, hy leef saam met julle as Christene en julle nooi hom saam kerk toe op Sondag.

ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING
- Sien week van 1 Febr.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 15 Febr 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)
- Wat doen dit aan jou as jy hoor van iemand wat sy haar werk verloor het? Of Wat doen dit aan jou as jy by 'n plakkersbuurt verby ry?

(B) AANBIDDING
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Liedere wat by die tema aansluit: Light of the world (CD no 3); Mag alle volke U loof (CD no 13); Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Helder skyn U lig vir die nasies (Lied 488); Praat ek mense engle tale (Lied 530).
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 30.
- Doen spesifiek voorbidding vir die volgende projekte: Handwerkklub; Live in your schoolyard; Lumina; MIV/VIGS; Ontwikkelingsentrum; Pêrel Gemeenskapsontwikkelingsprojek; Umiqophiso.

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD
Die tema sluit aan by Sondag 15 Febr se eredienste.

Lees Matt 9:35-38: God roep ons om Sy wêreld en Sy mense te versorg en te ontwikkel

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte
- Ander teksgedeeltes wat by die tema aansluit: Sag 7:9-10; Matt 5:3; Luk 6:36; Jak 2:14-17.
- Een van ons projekte fokus op HIV/VIGS. Hoekom het ons kerk so lank gevat om by hierdie projek betrokke te raak? Daar is moontlik verskillende redes: die stigma aan die siekte; die

oordrag van die siekte dmv seksuele kontak; die feit dat blanke middelklas persone minder deur VIGS geraak is. Ons moet egter weet dat ons nie meer langer hierdie siekte kan ignoreer nie. Mense doen die siekte ook op ander maniere op (nie net deur ‘n perverse seksuele lewenstyl nie). Ook binne huwelikke, verkragtings, bloedoortappings, mediese personeel, ens. Ons het al hoe meer kontak met HIV positiewe mense – vriende, familie, werknemers (in ons huise en by ons werkplekke). Christene was ook nie in die begin bereid om met VIGS voorligting te help nie. Dit is een van die redes hoekom die voorligting meestal gefokus het op die gebruik van kondome.

- Matt 9:35: Baie dikwels fokus ons as Christene net op die “Woord” of evangelie wat ons verkondig. In hierdie vers word van woord en brood gepraat, dws Jesus het die evangelie (goeie nuus) verkondig maar ook siekes gesond gemaak. Die een kan nie sonder die ander nie. Om hierdie rede vind ons by die meeste sendingstasies ’n kerk, maar ook ’n hospitaal/kliniek, skool en boerdery.
- Matt 9:36a: Die Griekse woord wat vertaal word met “innig jammer kry” kom slegs in die meervoud voor en het ’n baie sterk betekenis. Dit kan verstaan word as “to be moved in the inward parts” óf “to have great affection for” óf “to feel compassion”. Hierdie vers vertel ons iets van Jesus se hart wat in beroering gegaan het. Dit was nie maar net ’n blote oppervlakkige gevoel van liefde nie. Omgee begin in mense se oë en harte, nie eerstens in hulle beursies of in hulle hande nie.
- Matt 9:37: Hier word van ’n groot oes en min arbeiders gepraat. ’n Mens kan moedeloos raak as jy al die nood rondom jou raaksien, en jy weet daar is nie genoeg hande om te help nie. Jesus se grootste “ontwikkelingsprojek” was waarskynlik dat hy twaalf dissipels uit Israel as arbeiders gewerf, toegerus, ontwikkel en bemagtig het om sy totale werk op aarde oor te neem. Hy het nie moedeloos hieroor geraak nie. Hy het ’n baie eenvoudige plan gemaak. Ons kan baie by Jesus leer. Matt 10:1-15 vertel ook hoe Hy vir hulle “in diensopleiding” gegee het, voordat Hy teruggekeer het na die hemel.

Moontlike vrae

- Ons leef in ’n baie harde wêreld waar daar min plek vir omgee/deernis is. Wat maak mense so hard?
- Jesus Christus is ons volmaakte voorbeeld van iemand wat bereid was om ander te versorg en te ontwikkel. Wat leer ons uit sy lewe?
- Waar begin omgee en versorging? (vgl Luk 6:36).
- Dink na oor die volgende stelling: “’n Mens kan nie na iemand anders in nood uitreik as jy nie werklik vir daardie persoon lief is nie.”
- In Matt 9 word gepraat van die min arbeiders. Wie is veronderstel om hierdie arbeiders te wees?
- Ons ken die Chinese spreekwoord “Leer iemand om vis te vang eerder as om vir hom/haar ’n vis te gee”. Waar het jy die afgelope jaar beleef dat mense gehelp is om “vis te vang”?
- Die nood van mense in ons eie land kan soms oorweldigend wees. Waar dink jy kan jy ’n bydrae maak?

Addisionele vrae

- In Spr 13:4 staan dat hardwerkende mense meer as genoeg het om te eet. Wat doen ons as Christene met mense wat wil werk, maar nie werk kry nie?
- Is dit die kerk se rol om met werkskepping te help? Wat dink jy kan Christene in ons land doen om die werkloosheidsyfer af te bring?
- Een van die projekte waaraan ons vandag dink is MIV/VIGS. Hoekom dink julle het die kerk (veral NG Kerk) vir so lank afsydig gestaan teenoor die hele VIGS probleem in ons land?
- Een van die grootste ontwikkelingsprojekte van alle tye was Jesus se ontwikkeling van die 12 dissipels. Wat kan ons hieruit leer?

Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Febr)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD
- Sien B en C.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES
Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.
- Kernvers wat aangeleer kan word: Matt 9:36.
- Dit sal goed wees as die kinders ook spesifiek vir siekes en mense in nood kan bid.
- Een van die maniere om omgee/deernis by kinders te kweek is om hulle aan mense in nood bloot te stel. Beplan iets om die kinders hiermee te help (bv neem jou kind saam as jy volgende keer julle tuinhulp in Lwandle gaan aflaai of as jy koerante by Aanhou Wen klub gaan ingee).
- Moontlike vrae: (a) Waarvoor staan die letters WWJD op die bandjie wat kinders dra? (b) Wat het Jesus vir mense wat in nood was gedoen? (c) Dink na oor die volgende stelling: "Kinders wat in huise woon waar hulle alles het, sukkel om te verstaan dat die meeste kinders in SA swaarkry"

ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING
- Sien week van 1 Febr.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 22 Febr 2009)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)
- Watter projek/sendeling van die gemeente lê jou na aan die hart?

(B) AANBIDDING
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Liedere wat by die tema aansluit: Light of the world (CD no 3); Mag alle volke U loof (CD no 13); Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Helder skyn U lig vir die nasies (Lied 488); Praat ek mense engle tale (Lied 530); Neem my lewe (Lied 308:2).
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 50:1-6. Vers 1 kan as 'n belydenis hardop gesê word net voor die groep verdaag.
- Bid spesfiek vir die volgende uitreikprojekte: Dienssentrum; Garden Village; Haweloses; Projek vir Gestremdes; Seniorsorg; Siekesorg; Sir Lowry's Pass.
- Dit sal goed wees as groeplede ook vir mekaar kan bid rondom hul geloofofferbydrae (bv bid vir die persone dat hulle hul geloofofferverbintenis kan nakom).

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 22 Febr se eredienste (Afsluiting van Uitreikfees en Geloofoffersondag).

<u>Lees Luk 10:25-37 en Spr 3:27: God roep ons om die nood in ons omgewing te help verlig</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeeltes

- Ander moontlike teksgedeeltes: Matt 25:31-46; Luk 4:18-19; Ef 4:28; 2 Kor 8-9.
- Baie van die projekte fokus op die verligting van armoede. Armoede is eintlike ‘n totale lewenswyse. As ‘n mens sukkel om te oorleef ontstaan ‘n spesifieke lewenshouding wat bevoorregte mense nie verstaan nie. Mense met ‘n gebrek aan lewensmiddele word baie dikwels onmenswaardig behandel. Hulle het nie die finansiële middele, kennis, vaardighede, ondersteuning, selfvertroue of geleenthede om uit die armoede siklus te kom nie. Soms is hulle die gevolg van ‘n stelstel wat hulle en hulle voorouers uitgebuit het (Jak 2:6) of afhanklik gemaak het van “handouts”. Hulle leer op ‘n spesifieke manier oorleef, omdat hulle nie ‘n ander manier ken nie. Ons as bevoorregte mense sal sensitief hiervoor moet wees.
- 22 Febr is ook geloofoffersondag: 2 Kor 8 en 9 gee vir ons die volgende riglyne oor die gee van gawes: Gee eers jouself (2 Kor 8:5); Gee met blymoedigheid en dankbaarheid – nie uit dwang nie (2 Kor 9:5, 7); Dra by volgens jou vermoë – dit wat jy het (2 Kor 8:12); God verwag van almal (arm en ryk) om te gee (2 Kor 8:2); God gee vir ons sodat ons kan gee (2 Kor 9:11); Vrygewigheid lei tot dankbaarheid en eer aan God (2 Kor 9:12-13); ensovoorts.
- Luk 10:25-32: Ons lees van twee godsdienstige mense (kerkmense) wat verby die man in nood gestap het. Die priester en Leviet was so gebind deur allerhande godsdienstige wette dat hulle nie wou help nie. Bv hulle was bang om aan ‘n dooie onrein persoon te raak. Hulle het ook so in hulle eie kokon rondom die tempel geleef dat hulle nie geweet het hoe om op te tree teenoor mense in nood nie. Die Samaritaan was gewoond aan nood rondom hom. Hy het spontaan gehelp. Dit kan vandag ook met ons as kerkmense gebeur.
- Luk 10:33-37: Wat leer ons van die Samaritaan? Die Barmhartige Samaritaan het hom gesien; hom innig jammer gekry en gaan stil staan; hom prakties gehelp (wonde verbind en hom op rydier gehelp); hy het toegesien dat hy ook vir die toekoms versorg is – nie net vinnig gehelp en nie laat staan nie. Hy het gesorg dat die man in nood weer op die been kon kom. Die Barmhartige Samaritaan het sy hart, sy tyd, sy middele en sy geld vir iemand in nood gegee.
- Spr 3:27: Die woorde “van iemand aan wie dit toekom” is moeilik om vanuit die Hebreeuse teks te verstaan. Sommige reken dat die Hebreeuse woord met “owners” vertaal kan word. Die meeste moderne vertalings sluit aan by die ou Griekse vertaling se voorstel “someone in need, in want”. Die mees resente Afrikaanse vertalings vertaal dit soos volg: “Moenie wag om goed te doen vir iemand wat dit nodig het nie, veral as dit vir jou moontlik is om te doen” (NLV); “Wanneer jy iemand moet help en jy kan dit doen, dan moet jy nie wag nie” (Die Bybel vir Dowes).

Moontlike vrae

- In hierdie gelykenis (Luk 10) word daar verwys na twee “kerkmense” wat verby die man in nood gestap het? Gebeur dit vandag nog?
- Wat kan ons leer uit dit wat die Barmhartige Samaritaan gedoen het?
- Hoekom dink julle het Jesus na die melaatses, tollenaars en straatvroue uitgereik? Na watter groepe mense sou Jesus uitgereik het as Hy vandag op aarde geleef het?
- ’n Hele paar van ons projekte in die omgewing fokus op armoede verligting. Bespreek die volgende stelling: “Armoede is meer as net ‘n gebrek aan lewensmiddele”
- In die Ou Testament word die Israeliete telkens opgeroep om die weeskinders en die weduwees te versorg (Eks 22:22; Deut 10:18; Sag 7:10; ens). Hoekom word hierdie groepe mense so sterk beklemtoon?
- Waartoe roep die woorde van Spr 3:27 ons op?

- Verlede jaar het jy in die geloof ’n offer vir die Here beloof. Kan jy getuig dat die Here voorsien het vir hierdie geloofoffer? Deel dit met die groep.
- Bespreek krities die volgende stelling: “Ons gemeente het ‘n hele aantal projekte waarby ons betrokke is, maar ons het nog nie ‘n uitreik kultuur in die gemeente nie”

Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Febr)

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Sien B en C.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 10:37b “Gaan maak jy ook so”
- Hierdie is ‘n gelykenis wat maklik opgevoer kan woord. Kry die volgende karakters: Priester; Leviet; Barmhartige Samaritaan; rowers; persoon in nood; donkie; herbergier. Vra hulle na die tyd uit oor die betekenis van die verhaal. Vra hulle hoe kinders op ‘n praktiese manier kan help.
- Verduidelik aan die kinders die beginsel van ’n geloofoffer. Dit sal goed wees as kinders van jongsaf geld in die geloof kan gee vir die een of ander saak of projek. Dit sal baie vir hulle geloofslewe beteken.

ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING

- Sien week van 1 Febr.